Prediker: Gerhard vd Merwe 12 April 2026

Skiflesing: Matteus 6:1-4

As Jesus met ons begin praat oor "gee", gaan dit daaroor dat ons los kom van wat ander mense van ons dink, en veel eerder gefokus te wees op die liefde wat ons van ons hemelse Vader kry. En die resep wat Jesus ons gee is om wanneer jy gee, dit in die geheim te doen. Ons leer dat ons n kwaliteit lewe kan he selfs as mense nie "wow" se nie.

As ons gee om mense te beindruk, dan sal ons die "wow" kry, en die volgende keer sal dit nog moeiliker wees om sonder die "wow" reg te kom. En die gevolg daarvan is dat ons eie ego gevoed word. Ons word die middelpunt van mense se bewondering. Elke keer as jy n kind sien wat iets regkry wat hy nog nooit reg gekry het nie, dan blaas ons die trompette. Wow!! Later word daardie aksie so n gewoonte dat niemand meer daaroor trompette blaas nie. Die kind is nou vry om op ander meer komplekse dinge te fokus. Dieselde met die dissipline om te kan gee. Wanneer ons steeds die handeklap en trompette hoor as ons gee, dan bly ons nog in die kinderfase van ons geloof. Het jy al probeer om iets wat jy met jou dominante hand doen, nou met jou ander hand te doen? Soos tande borsel of hare kam? Dis wanneer iets so natuurlik gebeur, dat jy nie eens dink oor dit nie. Om dan te se dat jou linkerhand moet nie weet wat jou regterhand doen nie, is n verwysing na iets wat so natuurlik gebeur, dat jy nie meer oor dit hopef te dink nie. Dis nie meer n besluit nie. Dit gebeur net. Vanself.

Die eerste keer dat jy vir mense gee, is dit nie natuurlik nie. Dit vra dat jy dink oor dit. Jy wil die trompette blaas. Ook so as jy vrygewig is met jou tyd. Jy voel om dit vir iemand te vertel. Kyk Zee, ek het die asblik leeg gemaak! Wow!! Trompettyd. Maar met tyd, word dit so natuurlik dat ek nie nodig het om te hoor hoe oulik ek is nie. Dallas Willard se dat een van die tekens van geestelike volwassenheid is dat daar sekere dinge is waaroor jy nie meer hoef te dink nie.

As die Bybel se dat ons Vader sal ons beloon as ons iets in die geheim doen, het dit nie te doen daarmee dat as iemand my raaksien en dankie se, dat my huis in die hemel nou n bietjie kleiner gaan wees nie, maar eerder dat ek besig is om die mens te word wat die Vader graag wil he dat ek sal wees.

Jesus noem mense wat met n oop hand gee, geseend. Ons het al vroeer in die reeks gesien dat om geseend te wees is om die goeie lewe te he. Om te gee is om die goeie lewe te he. Geseend.

Die byproduk van om te gee, is dat verhoudinge verdiep. Dikwels dink mense dat om te kry maak jou bly, en dit is waar op n manier. Maar om te gee, maak van jou n mens waaroor God glimlag en wat deure oopmaak na mense se harte. Nog n byproduk is dat ek vry kom. Om alles vir jouself te hou en net op jou eie behoeftes te fokus, beteken dat jy n slaaf word van jou eie behoeftes. Om n oop hand te he is dat jy vry kom om op ander dinge te fokus soos God se karakter ook is. Die Bybel se dat om te gee met n oop hand, lei tot blydskap. Die volk gee vryelik vir die bou van die tempel en dan word daar gese daat die volk was bly en koning Dawid was bly. En dan praat ons nog nie van wanneer ons gee soos God gee, dat ons ons Vader se hart bly maak nie. Spreuke se dat wie ook al goed is vir die armes, leen aan die Here en Hy sal beloon hulle vir wat hulle gedoen het.

Ons gaan eendag almal dood gaan. Glo dit of nie. En ek het die gesprek nou al met my kinders gehad... Hulle wil rerig nie die goed he wat vir my so kosbaar is nie. John Ortberg se dit so... Hoekom sal jy nie gee wat jy nie kan hou nie, sodat jy kan kry wat jy nie kan verloor nie.

Nog n byproduk... wanneer ons gee, maak ons die volgende geslag beter. Ons kinders leer meer by ons oor wie ons is, as wat ons hulle leer. Selfgesejntreerde mense is geneig om selfgesentreerde kinders die wereld in te stuur. Vrygewige mense leer hul kinders om ook vrygewig te wees.

Nog n laaste byproduk... Dit inspireer geslagte na ons om ook so te leef. Daar is die kosbare gedeelte in die Bybel waar Jesus kyk hoe mense hul dankoffers na die tempel toe bring. Hy sien hoe die ryk mens ehul dankoffers bring en dan sien Hy n arm weduwee wat twee klein muntstukke ingooi. Hy roep Sy dissipels en maak hul bewus van wat hier gebeur. Hier is n weduwee wat haar alles aan God toevertrou. Sy het dit beslis nie gedoen om enigiemand te beindruk nie. Maar God het n manier om dit raak te sien. En Jesus se klem op hierdie vrou se vrygewigheid, het gemaak dat mense deur die eeue geinspireer was deur haar optrede. God sien die opregtheid van ons gee, nie die hoeveelheid nie. God kan van 2 vissies en 5 brode n skare kos gee. Die hoeveelheid is nie die saak nie, die gesindheid, die fokus om jou alles op God te vertrou... Dit maak dat God beloon. Jy kan eenvoudig nie meer gee as God nie.

Nou ons wiskunde sukkel om dit te verstaan.  As ek R100 het en ek gee R10, dan het ek R90 oor.  In Maleagi se God dat die oomblik dat ons gee, kom Hy ook na die ooreenkoms.  R90 met God is meer as R100 sonder God.  Dis die een ding waaroor God die volk uitdaag en se dat ons Hom maar kan toets.

Godsmanne en Godsvroue, plaas groter gewig op God, as op hul eie oorlewing.

God se uitdaging aan elkeen van ons is om die oog op Hom te hou, eerder as om na ons eie resep vir oolewing te kyk.  Wanneer on siets vir die eerste keer reg kry, is die behoefte daar dat mense dit sal sien en saam met ons sal fees vier.

Later word sekere take n gewoonte en ons basuin dit nie meer uit nie.  Nou is ons vry om ons aandag aan ander meer komplekse dinge te gee.

Wanneer ons vrygewig is met ons tyd of geld, belowe God ons dat Hy ook toetree tot die prentjie.  (0% met God is beter as 100% sonder God.

Maak n lys van die voordele wat ons kry as ons vrygwig is met ons tyd en geld.

Vader, Ek wil los kom van my aardse selfsorg, sodat ek meer kan fokus op U hemelse versorging.  Wys my hoe ek meer met U hart en oog kan kyk na my eie besittings.  Amen.